



**Die volgende is 'n opdrag soos voorsien deur die Skole Ondersteuningsentrum.**

**Instruksie: Voltooi dié opdrag in jou werkboek as 'n Hersieningsoefening van Hoofstuk 1 – Hoofstuk 3.**

**Opskrif: Hersieningsoefening 9**

**Vraag 1:****[18]**

- 1.1 Lys die volgende 4 priemgetalle: (1)  
2; 3; 5; 7; \_\_\_\_\_
- 1.2 Lys die faktore van 28. (2)
- 1.3 Lys die veelvoude van 15 wat tussen 20 en 60 is. (1)
- 1.4 Gee die getal wat kleiner is as 50, 'n veelvoud van 8 is asook 'n perfekte vierkant. (2)
- 1.5 Skryf 180 en 420 as produkte van hulle priemfaktore en bepaal vandaar die KGV. (4)
- 1.6 Druk die volgende verhoudings in hul eenvoudigste vorms uit:
- 1.6.1  $15 : 120$  (1)
- 1.6.2  $2 \text{ liter} : 1400 \text{ ml}$  (2)
- 1.7 Bereken  $x$  indien: (2)  
 $575 : x = 115 : 125$
- 1.8 Danie en Trisha deel prysgeld in die verhouding 5 : 3. Hoeveel ontvang Trisha as Danie R 520 ontvang? (3)

**Vraag 2:****[10]**

- 2.1 Bereken 5% van 600. (2)
- 2.2 Siya wil 'n kar koop en hy leen R90 000. Hy stem in om die geld terug te betaal teen 11% p.j. enkelvoudige rente. Wat is Siya se maandelikse paaie ment indien hy die lening afbetaal oor 3 jaar? (4)

- 2.3 Tessa wil ook 'n kar koop wanneer sy 21 is. Haar ouers sê as sy R45 000 kan spaar, sal hulle die res betaal. Hoeveel moet Tessa nou spaar indien sy 'n spaarrekening oopmaak teen 9% enkelvoudige rente vir 4 jaar? (4)

**Vraag 3:**

**[22]**

- 3.1 Vereenvoudig **SONDER** die gebruik van 'n sakrekenaar, toon alle bewerkings.

3.1.1  $3(2)^2$  (1)

3.1.2  $18 - (-5)$  (1)

3.1.3  $\frac{-8 \times (-2)}{4}$  (2)

3.1.4  $\sqrt[3]{-8}$  (1)

3.1.5  $\frac{(3)(-8)}{(3)(-2)}$  (3)

3.1.6  $\sqrt{16} \div \sqrt{4} + 3^2 \times \sqrt{25}$  (4)

3.1.7  $-5^2 \times (-3 - 2)^2 \div \sqrt[3]{5^6}$  (5)

3.2 Gegee:  $x = p^2 \times \sqrt{k}$

3.2.1 Vind die waarde van  $x$  indien  $p = 4$  en  $k = 9$ . (2)

3.2.2 Jane sê dit is dieselfde as  $p = 9$  en  $k = 4$ . (3)  
Is dit waar? Antwoord ja of nee; toon bewerkings.

**GROOT TOTAAL: 50 PUNTE**